

WIE LOOP DAAR?

'n Nuwe boek oor spoor-sny sal jou fyner kyk help kyk op jou veldvakansie



HET jy geweet dat jy jou omtrent dronk kan loop as jy 'n aardvark se spoor volg? Hulle stap heen en weer en in sirkels, onder meer omdat hulle miershope verskeie kere per soektog sal besoek. Leeus en luiperds, aan die ander kant, verkies om hul sagte pote die mees doringlose en reguit pad tussen twee punte te laat loop.

Die Tracker Manual wat pas verksyn het, is 'n weldeurdragte gids waarmee jy kan leer hoe om enige van die 160 soogdiere, voëls en insekte wat daarin beskryf word, se bewegings in hul omgewing te ontleed. Die boek is geskik vir enigiemand met 'n belangstelling in diere en die natuur en sal veral gepas wees vir diegene wat 'n bietjie dieper wil kyk en dalk 'n reeds fyn waarnemingsvermoë het wat fyner geslyp kan word.

Jy leer hier van allerlei tekens, van voetspore en versteurde plantegroei (swart renosters byt akasiatakke teen 'n hoek van 45 grade af, anders as wit renosters) tot mis, geskraapte stompe en selfs gedragspatrone se beskrywing.

Diere se spore word met uitstekende foto's in verskillende grondsoorte uitgebeeld en ook met diagramme voorgestel om 'n mens 'n idee van 'n 'ideale' spoor te gee. Raad word gegee oor hoe om die spoor van spesifieke diere te sny en hoe om op te tree gedurende die proses (wees raserig as jy 'n leeu in die dag naloop, aangesien hulle baie diep kan slaap en jy hulle per ongeluk

kan verras as jy te sag loop). Eetgewoontes, algemene gedrag, seisoenale en ouderdomsverskille en nog meer word beskryf.

'n Mens kan tereg wonder oor die uitmuntende deeglikheid van hierdie boek. Die verduideliking lê by die drie skeppers daarvan én hul doel hiermee.

Eerstens is die skrywer-samestellers al drie lewenslange en passievolle spoor-snyers, onder wie Karel Benadie een van die min meesterspoor-snyers ter wêreld is en Renias Mhlongo dekades se ervaring het met die spoor-sny van spesifiek luiperds asook ander wild in menigde verskillende omstandighede. Tweedens is dit die drie se doel om die oorlewing van die kuns van spoor-sny voort te sit en te bevorder. Met dié doel het hulle saam die Tracker Academy gestig waarmee hulle tradisionele kennis van spoor-sny op 'n sistematiese manier aan jong mense oordra. Die Tracker Manual dien as 'n handboek vir die akademie en stel studente in staat om baie lonende werk in die natuurtoerisme-sektor te kry.

Alle opbrengste van die boek gaan na die akademie en hul opvoeding van minderbevoorregte jongmense. Sedert die akademie se stigting in 2010 het 96% van die gekwalifiseerde spoor-snyers voltydse werk gekry.

- HANNES WIESE ■

Tracker Manual – A Practical Guide To Animal Tracking In southern Africa deur Alex van den Heever, Renias Mhlongo en Karel Benadie (Struik Nature, R239*)



HEELBO: Karel Benadie, Renias Mhlongo en Alex van den Heever. BO: Luiperdsleepmerke. ONDER: Die spoortjies van 'n grondkewer.